# TESTIMONIALS

High School | Primary School | Scholers

## Mr Hull Mount Pleasant Primary

This Programme had it's start in February 2015 and ever since we can only see the good of the initiative. An immediate positive influence was clearly noticeable with regards to leaners' behaviour, respect towards others, values and even their personal hygiene. I would recommend this Programme to any school."

## Mnr Adams, Hoërskool Hawston

"Hierdie kurrikulum hanteer die volgende aspekte: karakterbou, motivering, self-vertroue, verantwoordelik-heidsin, positiewe ingesteld-heid, goeie waardes, positiewe rolmodelle, Christlike waardes en onstabiele huisomgewings. Hiermee kan ek bevestig dat menige leerders hul benadering tot die lewe verander het en dit kan duidelik in hulle ingesteldheid teenoor hulle skoolwerk opgemerk word."

## Facilitator

This program literally saved my life. It came to us when I was in a very bad place. It turned my life around and made me believe in my dreams again.



## Mnr Swartz Hawston Laerskool

"God Idea het die betrokke opvoeders wonderwerke in hulle klasse laat waarneem, want leerders het soos handomkeer verander van hul wilde ongedissiplineerde lewenswyse na rustigheid en kalmte. Skoolwerk is nou nie meer 'n swarigheid nie en word voltooi sonder dat druk uitgeoefen word. Hul skoolbywoning en kommunikasie met mekaar en andere het verbeter."

### *Onderwyser aan die Hoërskool*

"Die kurrikulum is 'n eenvoudige, verstaanbare program wat gefokus is op die vlak van ons leerders en daarom 'n definitiewe wenner. As opvoeder wil ek opregte dank uitspreek teenoor Melanie, sowel as teenoor alle rolspelers betrokke by die Rainbow Generation program. Dit is my wens dat, indien Melanie bereidwillig is en die nodige fondse beskikbaar is dat sy sal voortgaan met haar goeie werk om die program in ons skole te laat werk."



## Fasiliteerdersleier

"Ek dink dit is een van die mees interessante kurrikulums. Dit bou en stig die leerders se karakter. Leerders het 'n beter siening oor die toekoms en dit dra ook by tot beter keuses wat hulle kan maak. Ons almal tesaam is baie beÏndruk met die kurrikulum."

## Jayden van graad 7

"Dit het my geleer dat ek uniek is en nou voel ek beter. Almal sê my selfbeeld is beter en vir my is dit die waarheid. Ek vaar baie beter in my werk. Ek kan nie wag vir Donderdae as Suster Manda vir ons kom klas gee nie, want daardie dag is my beste dag van die week! Ek hoop en bid dat ek vir altyd op Donderdae vir Suster Manda kan sien."

## Fasiliteerders

"Hierdie kurrikulum slaan my asem weg! Dit is so inspirerend en so nuut! Ek leer ongelooflik baie! Ek het so baie gegroei hierdie paar jaar wat ek saam met julle werk, dit is 'n fantastiese voorreg om te kan doen wat ek doen. Baie, baie dankie vir die geleentheid!"
"Ek kan nie wag om die lesse te gaan aanbied nie! Vir die eerste keer in my lewe is dit heerlik om werk toe te gaan! Dit voel of ek in my roeping staan en dit is my passie om met die kinders te werk. Ons sien soveel hartseer in die skole en dit is vir my 'n riem onder die hart as die kinders met my kom gesels oor wat hulle pla!

### *'n Graad 7 leerling*

"Shareen hier ... Ek wil net sê dat ek die God Idee boekie baie veranderinge in my lewe gebring het. Ek het maar min skool geloop. Maar toe het God idea my laat besluit om skool toe te gaan en te leer vir wat ek eendag wil bereik. Dit het ook ons huishouding verbeter. Dit leer my om my ouers te respekteer nadat ek nooit my ouers respekteer het nie. Noudat ek hulle respekteer word ek geseën met baie liefde."

### *Onderwysers*

"... die moraal van ons leerders is baie laag. Hierdie program spreek al die sosio-ekonomiese probleme aan en help definitief om ons leerders se moraal te log en hulle 'n positiewe uitkyk op die lewe te gee."
"Dit is ook opmerklik dat leerders meer bewus geraak het van hulle lewens waardes, soos eerlikheid, respek, verdraagsaamheid ens."
"Die aandbieding van die lesse is interessant en van goeie kwalitiet en dit is insiggewend vir leerders sowel as opvoeders. Die program is 'n groot aanwins en die toewyding en entoesiasme wat die fasiliteerder daarin ploeg word hartlik waardeer."
"Dankie vir die entoesiasme waarmee die fasiliteerder haar aanbieding doen."

### *Fasiliteerder van die Hoërskool*

"Vir die eerste keer is ek gekonfronteer met wat werklik in ons se gemeenskap aangaan. Dit skok my om te weet hoeveel probleme hierdie tieners mee sit. Die kinders het my gevra om 'n whatsapp groep te stig sodat ek met hulle kan deel ... hulle is so honger vir 'n volwassene wat hulle kan vertrou - dit is eintlik baie hartseer. Daarom voel ek so bevoorreg om met hierdie kinders te kan werk. Hierdie program gee vir my die geleentheid om in die kinders se harte te spreek. Dit is net wonderlik! Dit is voorwaar 'n voorreg om saam met Rainbow Generation te werk. Baie dankie vir wat julle vir die gemeensjap doen!"

